NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig.
3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A, en **EEN** vraag uit Afdeling B.
4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik. Die vermoë om relevante inligting krities te gebruik om vrae te beantwoord, is net so belangrik.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 1

In watter mate was Fidel Castro verantwoordelik vir die Kubaanse Missielkrisis van 1962?

[70]

OF

TEMA DIE KOMS VAN DEMOKRASIE

VRAAG 2

In watter mate het die Waarheids- en Versoeningskommissie sy doelwitte bereik?

[70]

OF

TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT OP HEDE

VRAAG 3

In watter mate word die globale ekonomie deur Westelike kapitalistiese organisasies oorheers?

[70]

70 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK


Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n uitgebreide skryfstuk wat jou eie kennis toon en waarin jy ook na die stimulus kan verwys. Dit moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. (Dis nie nodig om 'n woordtelling in te sluit nie.)

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 4

Die diagram hieronder, wat in 1948 gepubliseer is, toon die vliegroetes en hoogtes van geallieerde vliegtuie wat tydens die blokkade na en van Berlyn gevlieg het.



[Bron: <https://www.cvce.eu/en/obj/how_the_berlin_airlift_worked_1948-en-6aeb019f-7b8f-41a0-b7f4-a72e15e85060.html> (Verkry 24 Februarie 2019)]

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe gebeure in Berlyn van 1948 tot 1949 bygedra het tot verhoogde spanning gedurende die Koue Oorlog:

(a) Wat het tot die Berlynse Blokkade van 1948 gelei?

(b) Hoe het die Verenigde State op die Berlynse Blokkade gereageer?

(c) Wat was die onmiddellike impak van die Berlynse Blokkade op Oos-Wes-verhoudings na 1949?

[30]

OF

TEMA DIE KOMS VAN DEMOKRASIE

VRAAG 5

Die foto hieronder, wat op 25 Julie 1993 geneem is, toon die gevolge van die APLA-aanval op die St James Kerk in Kenilworth in Kaapstad.



[Bron: <https://www.sahistory.org.za/dated-event/st-james-church-massacre> (Verkry 2 November 2020)]

Verduidelik die regtervleuel en die linkervleuel se pogings om die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 te ontwrig deur die volgende vrae te beantwoord.

(a) Hoekom wou die regtervleuel en die linkervleuel die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 ontwrig?

(b) Hoe het die regtervleuel en die linkervleuel gepoog om die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 te ontwrig?

(c) Watter impak het hierdie pogings tot ontwrigting gedurende die onderhandelings-proses op Suid-Afrika gehad?

[30]


OF

IEB Copyright © 2021

TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT OP HEDE

VRAAG 6

Die spotprent hieronder, wat in 1990 deur M. Cummings geteken is, toon die Sowjet-premier Mikhail Gorbatsjof wat probeer om 'n ruimtetuig genaamd USSR wat uitmekaar spat, te bestuur.



[Bron: <https://slideplayer.com/slide/14014046/> (Verkry 29 Januarie 2019)]

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die hervormingsbeleid van Glasnost en Perestroika gelei het tot die ineenstorting van die Sowjetunie:

(a) Wat het in die 1980's gelei tot die implementering van Glasnost en Perestroika in die Sowjetunie?

(b) Op watter wyse moes Glasnost en Perestroika die Sowjetunie in die 1980's hervorm?

(c) Watter impak het Glasnost en Perestroika op die Sowjetunie en die Oosblok gehad?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021